Nuusbrief 01 / 19 Januarie 2024

# RAKER

Respek / Respect
Authentic / Oorspronklik
Kreatief / Creative
Kommunikasie / Communication
Entoesiasme / Enthusiastic
Responsibility / Verantwoordelikheid

> Begin waar jy is.
> Gebruik wat jy het.
> Doen wat jy kan.

## Uit die Hoof se Kantoor

Aan die begin van die nuwe jaar wil ons al ons getroue leerders en ouers terug verwelkom by die skool, asook elke nuwe gesin wat by ons aangesluit het. *Midstream Ridge Laerskool* is vanjaar 10 jaar oud, 'n wonderlike mylpaal. Wat 'n voorreg om deel te mag wees van 'n dekade se harde werk en die suksesse van die afgelope 10 jaar. Ons sien met groot verwagting uit na die nuwe jaar.

Hartlik welkom aan die volgende personeellede wat nuut by ons aansluit: juffrou Karlien Swanepoel (Afrikaanse Departement), meneer Janco Pfister (Tegnologie en Aardrykskunde), meneer Louwrens Pieterse (Aardrykskunde, Geskiedenis en LO), juffrou Kaylin Roos (assistent en aflos) en juffrou Lally Mtsweni (LO & assistent). Ons hoop julle voel alreeds tuis.

Graag maak ons ook van die geleentheid gebruik om dr. Kriek en *Midstream College Hoërskool* geluk te wens met hul fantastiese matriekuitslae van 2023. Dit is 'n voorreg om te sien hoe oud-leerders van MRP ongelooflik goed presteer. Welgedaan ook aan die ouens wat hard gewerk het en almal verras het met hul wonderlike uitslae. Ek voeg graag by dat 'n leerder se goeie matriekpunte nie in graad 11 begin vorm aanneem nie, maar wel die dag wat jou skoolloopbaan in graad 1 begin. Hierdie is 'n duidelike bewys van die sukses van ouers en die skool wat hande vat vanaf die eerste dag.

Geniet u kind en maak erns met sy/haar skoolloopbaan, dit sal sukses verseker.
Seën vir elke gesin vir 2024!

## INLIGTING

**Klik asb. op die onderstaande skakels vir inligting rakende:**

Kalender ~ Januarie 2024



# RAKKER ATLETIEKSTERRE

Die graadeen leerders het vanoggend die wind trotseer tydens hul heel eerste atletiekbyeenkoms. Die koel windjie het hul glad nie gestuit nie. Ysies na 'n tawwe wedloop is nog altyd 'n wenner!

1. **Graham van Vuuren (1 A1)**
2. **Blake Truter (1 A1)**
3. **Martin Bakkes (1 A3)**

1. **Miané van Deventer (1 A1)**
2. **Lea Nel (1 A1)**
3. **Riley Basson (1 E1)**






## KOMMUNIKASIE BY MRP

Dit is van kardinale belang dat ouers op al die kommunikasieplatforms van die skool geregistreer is. Belangrike akademiese-, sport- en algemene inligting, word op 'n daaglikse basis op dié platforms geplaas. Om teleurstelling, as gevolg van vermiste inligting te voorkom, is dit uiters belangrik dat ouers op die **EDANA Slimfoontoepassing**, sowel as ***GOOGLE CLASSROOM*** registreer.

Ons vind dat gewone e-posse verlore raak en kan dus ongelukkig nie alleenlik op dié manier van kommunikasie staatmaak nie. Vind asb. die onderstaande skakels vir u aandag en aksie.

### EDANA-TOEP




Klik asb. op die onderstaande skakel om die slimfoontoepassing op u selfoon te laai. Vir enige navrae of probleme, kontak vir Vera by verav@msrp.co.za

EDANA TOEPASSING

### "GOOGLE CLASSROOM"

Klik asb. op die onderstaande skakels om op *Google Classroom* te registreer. U kan op u rekenaar, of selfoon, of beide registreer. Daar is dus twee skakels beskikbaar.

Vir Gr. 1-3 navrae en bystand, kontak vir juffrou Tina van Wyk by tinav@msrp.co.za

Vir Gr. 4-7 navrae en bystand, kontak vir meneer Hanno Tromp by hannot@msrp.co.za

GOOGLE CLASSROOM (REKENAAR)

GOOGLE CLASSROOM (SELFOON)




## MC MATRIEKS

Baie geluk aan *Midstream College* met hul fantastiese matriekuitslae vir 2023!
Ons is saam met hulle trots op hul puik prestasies. Voormalige Ridge Rakkers Andrew Nortjé, Courtney Williams en Ingrid Barnard is onder die toppresteerders.
Welgedaan MC!

# MIDSTREAM VOORTREKKERS

